




Die Joule, Suid-Afrika se eerste ten volle elektriese motor. Prototipes sal volgende jaar gereed wees.

SA se sexy, 'groen' Joule ook sag op sak

Eerste toetsvoertuie van groen-motor in 2010 klaar

Joanita Cillié, Johannesburg

Voornemende kopers en bestuurders van die Joule kan na 'n besparing van 25% uitsien.

Dit is hoeveel goedkoper dié elektriese motor, Suid-Afrika se eerste, sal wees as die mededingers in sy klas.


Dié besparing kan ook heelwat meer word, sê mnr. Kobus Meiring, uitvoerende hoof van Optimal Energy, die ontwikkelaar van die Joule wat by ITS Suid-Afrika se jaarvergadering gepraat het.

Die energiekoste van 'n Joule is heelwat laer as dié van 'n enjinaangedrewe motor. Teen huidige pryse sal dié motor se bestuurder minder as 5c per kilometer betaal, teenoor 80c per kilometer vir konvensionele petrol- of diesellootse.

Optimal Energy het reeds vir Eskom genader met die voorstel dat elektrisiteitspryse in die aande goedkoper gemaak word, as aansporing vir eienaars van elektriese motors om hul batterye in dié nie-piektie te herlaai. Dit kan vir 'n verdere besparing sorg.

Suid-Afrikaners sal dié groenmotors vanaf Junie volgende jaar op die paaie sien wanneer die eerste toetsvoertuie begin rondry.

Die eerste voertuie sal in Kaapstad en Port Elizabeth gesamentlik aanmeekagesit word. 'n Aanleg sal heel waar-



skynlik in Oos-Londen se nywerheids-ontwikkelingsone opgerig word waar alle produksie dan gedoen sal word.

Die groep verwag om 500 van dié voertuie in 2012 te produseer (kommersieel) en produksie in 2013 tot 30 000 op te stoot.

Hiervan sal 80% na die uitvoermark gaan. Oor die groot geskatte produksievolume binne vier jaar, sê Meiring dit is 'n besluit wat noodsaaklik was om die sakemodel se volhoubaarheid te verseker.

Uit die belangstelling wat reeds daar is, verwag hulle dat dit heelwat meer as vooruitskattings sal wees.

Daar is verwag dat met die begin van die ontwikkeling van 'n plaaslike elektriese motorhandelsmerk baie opvoedingswerk

nodig sou wees. Mededingers wat elektriese modelle begin maak, sal nie net sorg vir meer mededinging nie, maar ook meer belangstelling.

Die fabriek sal met twee skofte 50 000 voertuie per jaar kan produseer. Dit is in ooreenstemming met die vervaardigingsvereistes van die regering se produksie-en-ontwikkelingsplan vir die motorbedryf vir belastingtoegewing. Die voertuig sal na verwagting ook uit 60% plaaslik vervaardigde onderdele bestaan.

Optimal Energy verwag dat produksie stelselmatig sal klim tot 64 000 voertuie in 2015.

Hy behoort tussen 2015 en 2016 gelyk te breek.

Die hele projek, wat teen 2017 vir meer as 10 000 nuwe werkge-

Soveel kan 'n Joule-model jou uit die sak jaag

- Standard: R235 000
- Lifestyle: R255 000
- Executive: R278 000

Mnr. Kobus Meiring, uitvoerende hoof van Optimal Energy, verwag dat die vraag na die Joule produksievoorskattings sal oortref.

Foto: DEAN VIVIER

leenthede sal sorg, gaan na verwagting R5,5 miljard kos. Sowat 'n derde hiervan sal aan die oprigting van die aanleg gaan, sê me. Diana Blake, direkteur van verkope en bemaking by Optimal Energy.

Die eerste generasie Joule sal sewe jaar in produksie wees, waarna hy deur 'n volgende model opgevolg sal word.

Ander moontlikhede, soos 'n ligte nutsvoertuig en 'n vierdeur-sedan, word ondersoek.

Die regering het tot dusver groot steun aan dié projek gegee. "Ek weet jy kan nie 'n projek van dié aard aanpak sonder regeringsondersteuning nie," sê Meiring.

Daar word verwag dat hulle heelwat van die Joules vir regeeringsgebruik sal voorsien.